Tydsvorme

1.	Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd	Toekomende Tyd
Voorbeeld	Die seun **hardloop** oor die straat.	Die seun **het** oor die straat **gehardloop**.	Die seun **sal** oor die straat **hardloop**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die seun skop die hond.
2. Die vet man lees die koerant.
3. Sarie en Deon hardloop oor die besige straat.
4. Die diewe steel die baie duur eetware.
5. Die man en vrou wat al vyftig jaar getroud is vier hulle goue huweliksherdenking op die Griekse Eilande.

2.	Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd	Toekomende Tyd
Koppelwerkwoord "is"	Is	was	sal + wees
Voorbeeld	Die seun **is** stout.	Die seun **was** stout.	Die seun **sal** stout **wees**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die seun is siek.
2. Phumla en Mabel is die beste in die klas.
3. Amal is opgewonde oor die koms van die sirkus.
4. Waarop is die rolprent gebaseer?
5. Die seuns en meisies in die skool is baie bly oor die verlengde pouse.

3.	Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd	Toekomende Tyd
Modale hulpwerk-woord "het" indicates possession – to have	het	het + gehad	sal + hê.
Voorbeeld	Die meisie **het** 'n appel.	Die meisie **het** 'n appel **gehad**.	Die meisie **sal** 'n appel **hê**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die meisie het 'n mooi paar skoene.
2. Al die kinders het griep.

3. Die sanger het ‘n fantastiese stem.
4. Die man met die spierwit motor het ‘n asemrowende strandhuis.
5. Griet en Piet het een miljoen, tweehonderd en tagtig duisend vier honderd nege en sestig plakkers.

4.	**Teenwoordige Tyd**	**Verlede Tyd**	**Toekomende Tyd**
Lydende en bedrywende vorme.	word deur	is deur	sal deur + word.
Voorbeeld	Die koerant **word deur** Vader gelees.	Die koerant **is deur** Vader gelees.	Die koerant **sal deur** Vader gelees **word**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Boeke word deur boekwurms gelees.
2. ‘n Program word deur die toneelgroep anngebied.
3. Die koei word deur die melker gemelk.
4. Deur wie word die tafel gedek?
5. Deur die venster word deur die meisie gekyk.

5.	**Teenwoordige Tyd**	**Verlede Tyd**	**Toekomende Tyd**
Hulpwerkwoorde sal, kan, ens.	sal kan wil mag moet	sou kon wou mag moes	---------- sal + kan sal + wil sal + mag sal + moet
Voorbeeld	1.Die meisie **sal** die peer **eet**. 2.Die seuns **kan** die werk **doen**. 3.Die man **wil** die motor **koop**. 4.Anton **mag** die roomys **eet**. 5.Sipho **moet** in die kamer **stilbly**.	1.Die meisie **sou** die peer **eet**. 2.Die seuns **kon** die werk **doen**. 3.Die man **wou** die motor **koop**. 4.Anton **mag** die roomys **eet**. 5.Sipho **moes** in die kamer **stilbly**.	---------- ---------- 2.Die seuns **sal** die werk **kan doen**. 3.Die man **sal** die motor **wil koop**. 4.Anton **sal** die roomys **mag eet**. 5.Sipho **sal** in die kamer **moet stilbly**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Pieter en Khumbo sal môre vetrek.

2. Ons kan die huiswerk doen.
3. Hulle wil die film gaan sien.
4. Die kinders mag vir die kondukteur vra.
5. Al die atlete moet die strekoefeninge doen.

6. Baie belangrike algemene reëls.

Teenwoordige Tyd	
Dan	***AS***
Wanneer	***Nou***
Hy bad, dan gaan slaap hy.	

Verlede Tyd
Toe
Hy het gebad, toe het hy gaan geslaap.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Hy antwoord die telefoon, dan roep hy sy ma.
2. As die weer onstuimig is, moet ons op die berg slaap.
3. Wanneer die program begin, bly ons stil.
4. Ek verstaan die werk nou.

7. Twee werkwoorde (geen "en") word nie met 'n 'ge' in die verlede - tydsvorm geskryf nie.

Teenwoordige Tyd	Verlede & ToekomendeTyd
*1.Ek **hoor** die man **sing**.*	*1.Ek **het** die man **hoor** **sing**.*
	*Ek **sal** die man **hoor** **sing**.*
*2.Ek **sien** die hond **hardloop**.*	*2.Ek **het** die hond **sien** **hardloop**.*
	*.Ek **sal** die hond **sien** **hardloop***
*3.Sy **laat** die bord op haar voet **val**.*	*3.Sy **het** die bord op haar voet **laat** **val**.*
	*Sy **sal** die bord op haar voet **laat** **val**.*
*4. Dit **begin** ou meide met knopkieries **reën**.*	*4. Dit **het** ou meide met knopkieries **begin** **reën**.*
	*Dit **sal** ou meide met knopkieries **begin** **reën***

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Ek sien die seun hardloop.
2. Hulle laat die honde eet.
3. Almal probeer die bakleiery stop.
4. Danie voel die wind waai.
5. Die ondersteuners sien die atleet struikel.

8. Wanneer twee handelinge gelyktydig plaasvind word slegs die eerste

werkwoord in die verledetydsvorm geskryf.

Teenwoordige Tyd	Verlede & ToekomendeTyd
*1.Hy **staan** en **praat**.*	*1.Hy **het gestaan** en **praat**.*
	*Hy **sal staan** en **praat**.*
*2.Hy **lê** en **slaap** op die sofa.*	*2.Hy **het** op die sofa **gelê** en **slaap**.*
	*Hy **sal** op die sofa **lê** en **slaap**.*
*3.Sy **sit** en **rook** op die bank.*	*3.Sy **het** op die bank **gesit** en **rook**.*
	*Sy **sal** op die bank **sit** en **rook**.*
*4.Sy **staan** en **praat** langs die heining.*	*4.Sy **het** langs die heining **gestaan** en **praat**.*
	*Sy **sal** langs die heining **staan** en **praat**.*
*5.Hulle **sit** en **skryf** in die kamer.*	*5.Hulle **het** in die kamer **gesit** en **skryf**.*
	*Hulle sal in die kamer **sit** en **skryf**.*

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die konsertgangers staan en sing.
2. Die stasiemeester loop en beduie.
3. Almal se babas lê en slaap.
4. Die taxibestuurder ry en eet.
5. Phumzile sit en bekyk die spektakel.

9. Wanneer twee handelinge nie gelyktydig plaasvind nie, word altwee werkwoorde in die verledetydsvorm met 'n 'ge' geskryf.

Teenwoordige Tyd	Verlede & ToekomendeTyd
*1.Hulle **loop** en **dans**.*	*1.Hulle **het geloop** en **gedans**.*
	*Hulle **sal loop** en **dans**.*
*2.In die aand **swem** en **eet** sy*	*2.In die aand **het** sy**geswem** en **gëeet** .*
	*In die aand **sal** sy **swem** en **eet** .*
*3.Na agtuur **leer** en **slaap** die seun.*	*3.Na agtuur **het** die seun **geleer** en **geslaap.***
	*Na agtuur **sal** die seun **leer** en **slaap.***

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die leerlinge skryf en teken.

2. Gedurende die vakansie swem en speel hulle.
3. Daardie man loop en val.

10. Die volgende voorvoegsels kry nooit in die verledetyds vorm "ge" nie.

be-	***beveel***
ver-	***verdeel***
her-	***hersien***
ont-	***ontmoet***
ge-	***gesels***
er-	***erken***
on-	***ondersoek***

Teenwoordige Tyd	**Verlede & ToekomendeTyd**
1.Die skool **begin** vandag.	1.Die skool **het** vandag **begin.**
	Die skool **sal** vandag **begin.**
2.Hy **gebruik** seep op sy hare.	2.Hy **het** seep op sy hare **gebruik**.
	Hy **sal** seep op sy hare **gebruik**
3.Ons **herken** die hond.	3.Ons **het** die hond **herken**.
	3.Ons **sal** die hond **herken**.
4.Die seun **erken** sy skuld.	4.Die seun **het** sy skuld **erken**.
	Die seun **sal** sy skuld **erken**.
5.Die atlete **ontvang** hul pryse.	5.Die atlete **het** hul pryse **ontvang**.
	Die atlete **sal** hul pryse **ontvang**.
6.Sy **vertel** kortliks die storie.	6.Sy **het** kortliks die storie **vertel**.
	Sy **sal** kortliks die storie **vertel**.

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. My ma vertel vir die kleuters 'n storie.
2. Die paartjie bestel dieselfde kos op die spyskaart.
3. Ons gesels aanmekaar in die klas.

11. Skeibare Werkwoorde in die teenwoordige tyd word in die verledetydsvorm gekombineer deur "ge" in die middel van die twee werkwoorde te skryf.

Teenwoordige Tyd	**Verlede & ToekomendeTyd**
*1.Die seuns **trek** hul baadjies **aan.***	*1.Die seuns **het** hul baadjies **aangetrek.***
	*Die seuns **sal** hul baadjies **aantrek.***
*2.Die polisie **storm** op die inbreker **af.***	*2.Die polisie **het** op die inbreker **afgestorm.***
	*Die polisie **sal** op die inbreker **afstorm.***
*3.Hulle **kry** hom aan sy hand **beet**.*	*3.Hulle **het** hom aan sy hand **beetgekry**.*
	*Hulle **sal** hom aan sy hand **beetkry**.*
*4.Ek **neem** aan atletiek **deel**.*	*4.Ek **het** aan atletiek **deelgeneem.**.*
	*Ek **sal** aan atletiek **deelneem.***
*5.Sy ouers **wens** hom **geluk** met sy sukses .*	*5.Sy ouers **het** hom met sy sukses **gelukgewens**.*
	*Sy ouers **sal** hom met sy sukses **gelukwens**.*
*6.Die polisie **laat** die inbreker **los.***	*6.Die polisie **het** die inbreker **losgelaat.***
	*Die polisie **sal** die inbreker **loslaat.***
*7.Elke aand **gooi** hy die tuin met ‘n gieter **nat**.*	*7.Elke aand **het** hy die tuin met ‘n gieter **natgegooi**.*
	*7.Elke aand **sal** hy die tuin met ‘n gieter **natgooi**.*
*8.Elke more **spuit** sy die tuin met ‘n tuinslang **nat.***	*8.Elke more **het** sy die tuin met ‘n tuinslang **natgespuit.***
	*Elke more **sal** sy die tuin met ‘n tuinslang **natspuit.***
*9.Die konsert **vind*** jaarliks **plaas**.	*9.Die konsert **het** jaarliks **plaasgevind**.*
	*Die konsert **sal** jaarliks **plaasvind**.*
*10.Sy **gaan** orals met haar man **saam**.*	*10.Sy **het** orals met haar man **saamgegaan**.*
	*Sy **sal** orals met haar man **saamgaan**.*
*11.Die motoris **hou** by die robot **stil**.*	*11.Die motoris **het** by die robot **stilgehou**.*
	*Die motoris **sal** by die robot **stilhou**.*
*12.Die leerlinge **staan** in hulle rye **stil**.*	*12.Die leerlinge **het** in hulle rye **stilgestaan**.*
	*Die leerlinge **sal** in hulle rye **stilstaan***
*13.Die kopers **staan tou** voor die kassiers**.***	*13.Die kopers **het** voor die kassiers **tougestaan.***
	*Die kopers **sal** voor die kassiers **toustaan.***

Teenwoordige Tyd	Verlede & ToekomendeTyd
*14.Die Departement **skryf** die letterkunde **voor.***	*14.Die Departement **het** die letterkunde **voorgeskryf.***
	*Die Departement **sal** die letterkunde **voorskryf.***
*15.Die kinders **kruip** agter die bome **weg.***	*15.Die kinders **het** agter die bome **weggekruip.***
	*Die kinders **sal** agter die bome **wegkruip.***
*16.Die kleintjie **trek** sy skoene **uit.***	*16.Die kleintjie **het** sy skoene **uitgetrek.***
	*Die kleintjie sal sy skoene **uittrek.***
*17.Hulle **trek** die boek **oor.***	*Hulle **het** die boeke **oorgetrek**.*
	*Hulle **sal** die boeke **oortrek***

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Hulle wend die salf aan.
2. Die dokter sit die verband op.
3. Morsjorse gooi papiere rond.
4. Om twee-uur keer hy van werk af terug.

12. Onskeibare Werkwoorde in die teenwoordige tyd word in die verledetydsvorm gekombineer deur "ge" aan die begin van die werkwoord te skryf.

Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd
*1.Sy **wantrou** hom.*	*1.Sy **het** hom **gewantrou**.*
	*Sy **sal** hom **wantrou**.*
*2.Die seun **glimlag** vir die meisie.*	*2.Die seun **het** vir die meisie **geglimlag**.*
	*Die seun **sal** vir die meisie **glimlag**.*
*3.Die stadsraad **huisves** die straatkinders in 'n saal.*	*3.Die stadsraad **het** die straatkinders in 'n saal **gehuisves**.*
	*Die stadsraad **sal** die straatkinders in 'n saal **huisves**.*
*4.Die man **knipoog** vir die vrou.*	*4.Die man **het** vir die vrou **geknipoog**.*
	*Die man **sal** vir die vrou **knipoog**.*
*5.Die prokureur **kruisvra** die beskuldigde.*	*5.Die prokureur **het** die beskuldigde **gekruisvra**.*
	*Die prokureur **sal** die beskuldigde **kruisvra***

Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd
*6.Die speurder **openbaar** wie die moord gepleeg het.*	*6.Die speurder **het geöpenbaar** wie die moord gepleeg het.*
	*Die speurder **sal öpenbaar** wie die moord gepleeg het.*
*7.Die siek man **raadpleeg** 'n spesialis.*	*7.Die siek man **het** 'n spesialis **geraadpleeg**.*
	*Die siek man **sal** 'n spesialis **raadpleeg**.*
*8.Die bloemis **rangskik** die blomme*	*8.Die bloemis **het** die blomme **gerangskik.***
	*Die bloemis **sal** die blomme **rangskik.***
*9.Die juwelier **waarborg** die horlosie.*	*9.Die juwelier **het** die horlosie **gewaarborg**.*
	*Die juwelier **sal** die horlosie **waarborg**.*
*10.Die polisie **waarsku** die dief om te stop.*	*10.Die polisie **het** die dief **gewaarsku** om te stop.*
	*Die polisie **sal** die dief **waarsku** om te stop.*

Skryf die volgende sinne eers in die Verlede Tyd en daarna in die Toekomende Tyd.

1. Die ontvoerders blinddoek hul slagoffer.
2. Ons baljaar op die strand.
3. Die verpleegster raadpleeg die dokter.
4. Die slim kinders wedwywer met mekaar.
5. Die skoolhoof regverdig die streng skoolreëls.

13. Onskeibare Werkwoorde in die teenwoordige tyd wat nie in die verledetydsvorm "ge" aan die begin van die werkwoord neem nie.

Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd
1.My maat **aanvaar** my uitnodiging na my partytjie.	1.My maat **het** my uitnodiging na my partytjie **aanvaar**.
	My maat **sal** my uitnodiging na my partytjie **aanvaar**.
2.Die polisie **agtervolg** die inbrekers.	2.Die polisie **het** die inbrekers **agtervolg.**
	Die polisie **sal** die inbrekers **agtervolg.**
3.Die sokkerafrigter **misbruik** die spelers.	3.Die sokkerafrigter **het** die spelers **misbruik**.
	Die sokkerafrigter **sal** die spelers **misbruik**
4.Hansie se stiefma **mishandel** Grietjie.	4.Hansie se stiefma **het** Grietjie **mishandel**.

	Hansie se stiefma **sal** Grietjie **mishandel**.
5.Die twee vriende **omarm/omhels** mekaar.	5.Die twee vriende **het** mekaar **omarm/omhels**.
	Die twee vriende **sal** mekaar **omarm/omhels**.
6.Dirk **omhein** sy erf .	6.Dirk **het** sy erf **omhein** .
	Dirk **sal** sy erf **omhein**
7.Die polisie **omring/omsingel** die moordenaar se huis.	7.Die polisie **het** die moordenaar se huis **omring/omsingel**.
	Die polisie **sal** die moordenaar se huis **omring/omsingel**.
8.Die betogers **onderbreek** die voorsitter se toespraak.	8.Die betogers **het** die voorsitter se toespraak **onderbreek**.
	Die betogers **sal** die voorsitter se toespraak **onderbreek**.
9.Die polisie **onderhandel** met die ontvoerders om die gyselaar los te laat.	9.Die polisie **het** met die ontvoerders **onderhandel** om die gyselaar los te laat.
	Die polisie **sal** met die ontvoerders **onderhandel** om die gyselaar los te laat
10.Ons **onderneem** ‘n reis na die Kaap toe.	10.Ons **het** ‘n reis na die Kaap toe **onderneem**.
	Ons **sal** ‘n reis na die Kaap toe **onderneem**.
11.Speurder Du Toit **ondersoek** die oorsaak van die brand.	11.Speurder Du Toit **het** die oorsaak van die brand **ondersoek**.
	Speurder Du Toit **sal** die oorsaak van die brand **ondersoek**.
12.Die ooggetuie **onderteken** sy verklaring.	12.Die ooggetuie **het** sy verklaring **onderteken**.
	Die ooggetuie **sal** sy verklaring **onderteken**.
13.Die gulsige seun **ooreet** hom elke more	13.Die gulsige seun **het** hom elke more **ooreet**
	Die gulsige seun **sal** hom elke more **ooreet**
14.My maat **oortuig** my om saam met hom te kom.	14.My maat **het** my **oortuig** om saam met hom te kom.
	My maat **sal** my **oortuig** om saam met hom te kom.

15.Die broodwenner **voorsien** sy gesin van kos.	15.Die broodwenner **het** sy gesin van kos **voorsien**.
	Die broodwenner **sal** sy gesin van kos **voorsien**.
16.My stem **weergalm** in die amper leë saal.	16.My stem **het** in die amper leë saal **weergalm**.
	My stem **sal** in die amper leë saal **weergalm**.
17. Die spieël **weerkaats** my gesig.	17. Die spieël **het** my gesig **weerkaats**.
	Die spieël **sal** my gesig **weerkaats**.
18. Ek **weerstaan** my wens om sjokolade tee et.	18. Ek **het** my wens **weerstaan** om sjokolade te eet.
	Ek **sal** my wens **weerstaan** om sjokolade te eet.

14 Die Infinitief om …. te ….

TYD	
Teenwoordige	Hy **gaan** na die winkel om brood te koop.
Verlede	Hy **het** na die winkel **gegaan** om brood te koop.
Toekomende	Hy **sal** na die winkel **gaan** om brood te koop.
Teenwoordige	Ek en my gesin **besluit** daardie dag om na die strand toe te gaan.
Verlede	Ek en my gesin **het** daardie dag **besluit** om na die strand toe te gaan.
Toekomende	Ek en my gesin **sal** daardie dag **besluit** om na die strand toe te gaan.
Teenwoordige	Ek **nooi** my maat **uit** om my verjaarsdag by te woon.
Verlede	Ek **het** my maat **uitgenooi** om my verjaarsdag by te woon.
Toekomende	Ek **sal** my maat **uitnooi** om my verjaarsdag by te woon.
Teenwoordige	Die boer **gebruik** ‘n ploeg om die grond te ploeg.
Verlede	Die boer **het** ‘n ploeg **gebruik** om die grond te ploeg.
Toekomende	Die boer **sal** ‘n ploeg **gebruik**om die grond te ploeg.
Teenwoordige	My maat **oortuig** my om saam met hom te kom.
Verlede	My maat **het**l my **oortuig** om saam met hom te kom.
Toekomende	My maat **sal** my **oortuig** om saam met hom te kom.
Teenwoordige	Die polisie **waarsku** die dief om te stop.
Verlede	Die polisie **het** die dief **gewaarsku** om te stop.
Toekomende	Die polisie **sal** die dief **waarsku** om te stop.